# Dr Johan de Beer

*MB ChB (Pret) M Med Ort (Pret) FCS (S.A.) Ortho*

**ORTOPEDIESE CHIRURG / ORTHOPAEDIC SURGEON**

PR. NO 280 6347

P O Box 441
WIERDA PARK
0149

Rooms: (012) 664 0521
& Fax: (012) 664 0960

Suite G10
UNITAS HOSPITAL
39 Clifton Ave
LYTTELTON MANOR


Geagte Pasiënt,

Die huidige COVID 19 pandemie veroorsaak verreikende probleme betreffende gesondheidsorg.

Hierdie onsekerheid spoel oor na chirurgiese prosedures wat nie dringend noodsaaklik is, of lewensreddend is nie. Elke geval word op meriete be-oordeel, en wat veilig uitgestel kan word tot die situasie normaliseer, word uitgestel.

Die probleem is dat asimptomatiese pasiënte draers van die virus kan wees, wat infeksie in die hospitaal kan indra.

Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat pasiënte pre-operatief 'n COVID 19 toets moet ondergaan om die sisteem te beskerm. Die toets moet minstens 24 uur voor die prosedure gedoen word, en nie langer as 48 uur voor die prosedure nie, om die uitslag relevant te hou. Na die toets gedoen is moet pasiënt in self isolasie gaan.

Hierdie toets kos R850. Meeste mediese skemas sal dit van die spaarplan verhaal, maar indien nie, sal die pasiënt self daarvoor moet instaan.

'n Negatiewe toets bevestig net dat mens op daardie stadium negatief is, maar infeksie kan steeds op enige stadium plaasvind. Die negatiewe toets beteken nie dat mens noodwendig negatief gaan bly nie.

'n Pasiënt sal nie opgeneem word sonder die verslag van die COVID 19 toets nie.

Ons beveel aan 'n tydperk van 14 dae isolasie na hospitaal ontslag. Indien respiratoriese simptome in die tydperk ontstaan, moet die gebruiklike sifting en behandelingsroetes gevolg word.

Ons probeer deurgaans fisiese kontak beperk en die sisteem so veilig moontlik vir die pasiënt hou.

Groete,

DR JOHAN DE BEER